# REGVERDIGE INDIENSNEMINGPRAKTYKE:

**Om te verseker dat maatskappye hul werkers regverdig behandel, het die Suid-Afrikaanse regering 'n aantal arbeidswette ingestel.**

**1. Wet op Arbeidsverhoudinge**
**2. Wet op Basiese Diensvoorwaardes**
**3. Wet op Diensbillikheid**
**4. Wet op Vaardigheidsontwikkeling / Wet op Vaardigheidsheffings**

## 1. Wet op Arbeidsverhoudinge:

Hierdie wet maak voorsiening vir:

1. Regte van werkers.
2. Onderhandelinge tussen werkgewers en hul werknemers / hul verteenwoordigers (vakbond).

Indien 'n werknemer se grief nie op hierdie manier besleg kan word nie
→ gaan na Kommissie vir Versoening, Bemiddeling en Arbitrasie (KVBA)
→ gaan na Arbeidshof

## 2. Wet op Basiese Diensvoorwaardes:

Stel die: Minimum lone
Verlof voordele
Rustye
Werksure
Oortydbetalings wat van werkgewers verwag word
Posbeskrywing
Diensrekords
Wyse waarop werknemers betaal moet word
Die proses wat gevolg moet word in die geval van diensbeëindiging
* Moet in elke werkplek vertoon word.

*Doel van die Wet op Basiese Diensvoorwaardes:*

1. Werknemers te beskerm teen uitbuiting
2. Enige kinderarbeid te voorkom
3. Gedwonge arbeid te voorkom

## 3. Wet op Diensbillikheid:

- Is om te verseker dat die arbeidsmag verteenwoordigend is van die verskillende rassegroepe in Suid-Afrika.
- Word gebruik om alle vorms van diskriminasie te voorkom, bv.
    - Ras
    - Geslag
    - Sosiale herkoms
    - Swangerskap
    - Huwelikstatus
    - Velkleur
    - Seksuele oriëntasie
    - Ouderdom
    - Gestremdheid
    - MIV-status
    - Godsdiens
    - Geloof
    - Kultuur
    - Taal

## 4. Wet op Vaardigheidsontwikkeling / Wet op Vaardigheidsheffings:

Is ingestel om die lae-vlak vaardighede van die Suid-Afrikaanse arbeidsmag te verbeter ten einde hulle werksvooruitsigte te verbeter.

**Doen Aktiwiteit 3 op bl. 87 (slegs nr.1)**
**(Trek 'n tabel met vier kolomme. Die opskrifte vir die vier kolomme is die vier produksie-faktore. Plaas die hulpbronne wat in die paragraaf genoem word in die regte kolomme.)**